**Loslitdag laat vrae onstaan oor gestremde Suid-Afrikaners se sigbaarheid en waar hulle tuis voel**

**Michelle Botha***

Dit is weer tyd vir Loslitdag (2 September). Die Nasionale Raad van en vir Persone met Gestremdhede se geldinsamelings- en bewustheidveldtog – wat die publiek aanmoedig om plakkers en handelsware ten bate van verskeie organisasies van en vir persone met gestremdhede te koop – vier vanjaar sy 27ste herdenking. Die tema vir vanjaar se veldtog is die nogal opgeruimde #ICelebrateSA. As iemand met ’n gestremdheid, weet ek egter nie of daar regtig so baie is om te vier nie.

Ek het die afgelope paar weke die ongelooflike voorreg gehad om hoërskoolleerders by spesiale skole toe te spreek oor hul lewe, hul ervarings op skool en in hul gemeenskappe en oor hul wense en bekommernisse vir die toekoms. Hierdie jongmense, wat almal siggestremd is, het oor die maniere gepraat waarop hulle negatief beïnvloed word deur geslagsgebaseerde geweld, rassisme, middelmisbruik en diskriminasie teen gestremdhede. Hulle is bekommerd oor die toekoms – dat negatiewe idees oor mense met siggestremdhede se vermoëns hulle sal verhoed om werk te kry, dat ander hulle sleg sal behandel en dat hul talente nie erken of gewaardeer sal word nie.

Hulle was ook bekommerd oor die gebrek aan hulpbronne en vakkeuses by hul skole, waarvan die meeste nie suiwer wiskunde, fisiese wetenskap of rekeningkunde aanbied nie. Hulle verstaan dat hul opsies om verder te gaan studeer en om werk te kry baie beperk is. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes skat die werkloosheidskoers vir Suid-Afrikaners met siggestremdhede kan so hoog as 97% wees, en daarom is hierdie leerders se vrese nie ongegrond nie.

Ten slotte …
So wat is daar om te vier? Ek kies om ons, mense met gestremdhede, te vier. Ons is nie veronderstel om so veerkragtig te hoef te wees nie, maar so dikwels is ons, en dit is moeilik. Ek vier die mense met gestremdhede wat formeel én informeel gestremdheidsgelykheid bevorder, wat geduldig dieselfde gesprekke oor en oor met die een politikus na die ander, met werkgewer na werkgewer voer. Ek vier die intellek en humor van die jongmense saam met wie ek onlangs tyd kon spandeer. Ek vier ons gesinne en die mense wat ons ondersteun.

Ondersteun Loslitdag. Organisasies het nou jou finansiële ondersteuning nog meer as ooit nodig, maar dink oor die ruimtes waarin jy jou bevind. Kyk om jou rond en let op wie daar is en wie nie, wie die ruimte verwelkom en wie nie, en vra jouself af, hoekom?

- Klik hier om die res van artikel soos geplaas te lees.

***Dr Michelle Botha is ’n postdoktorale navorsingsgenoot by die Sentrum vir Gestremdheids- en Rehabilitasiestudies in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch.**